Waterkruik

JAARGANG 56 NO 22 2 Junie AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Teologiese Studentekas**

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

Volgende Sondag:

Deputate Jeugsorg

Doel: Ondersteuning vir die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg

DIENSBEURTE

Vandag: Wyk 1

Ouderling: Corrie Skinner

Diaken: Deon van der Merwe

Volgende Sondag: Wyke 3 & 4

Ouderlinge: Willie Enslin
Gerhardt Koekemoer

Diaken: Braam Smit

AFLOS-ORRELIS

Ons heet sr. Juliana van der Walt, wat ons vandag op die orrel begelei, hartlik welkom. Dis vir ons `n voorreg om jou hier te ontvang.

TEESKINKBEURTE

Dankie aan die srs. van wyke 4 & 5 wat vanoggend tee en koffie bedien o.l.v. Irma Koekemoer en Susan Chambers.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyk 6 o.l.v. Ansie Heymans.

KATKISASIE SLUIT

Die katkisasie sluit volgende Sondag tot 14 Julie met die oog op die skoolvakansie.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.

Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word." Judas: 2

Vandag:
Sr. Ansie Fourie 081 278 3771
Br. Eddie Josling 083 253 8736

Maandag 3 Junie
Br. Corrie Skinner 082 494 0309
Br. Grandi Theunissen 082 094 4995

Dinsdag 4 Junie
Sr. Anneke Hamersma 072 171 6595

Woensdag 5 Junie
Br. Jaco Lindeboom 083 308 5857
Alexander Nel (7) 082 389 5344

Donderdag 6 Junie
Sr. Madeli Josling 081 022 9749
Br. Richart Keyser 083 450 1975
Sr. Emmi van der Schyff 083 443 6200
Sr. Marie-Louise Venter 082 958 6921

Vrydag 7 Mei
Sr. Marié de Beer 072 459 8177
Jayden de Klerk (7) 082 342 5182
Sr. Monique v d Merwe 082 410 0599

Hartlik geluk aan sr. Ansie Fourie wat vandag haar 89ste verjaardag vier en sr. Marié de Beer wat Vrydag haar 83ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se rykste seën toe. Mag u elke dag sy genade en liefde ervaar.

MEELEWING

Vanoggend word die verbondsdogtertjie, *Carli*, van br. & sr. *Marius en Nicola Erasmus* gedoop.

Hartlik geluk. Mag God aan julle die genade, insig en wysheid verleen om haar in sy verbond op te voed - 071 607 3699. Ook geluk aan *Alwyn en Nicolene Rossouw,* grootouers van *Carli* en ook die ander familie. Mag Carli julle groot vreugde verskaf - 082 650 4516

Sr. Kotie Prinsloo, wat 'n tydlank in die Steve Biko hospitaal was met probleme met haar been, is nou in Harmoniehof waar sy voorlopig sal woon. Ons bid dat u daar gou tuis sal voel en ook fisies sterker sal word. Mag die Here u elke dag naby wees. 074 454 8223

Sr. Julihanna le Roux is in die Kloof Hospitaal met longprobleme. Mag jy elke dag God se liefdevolle genade ervaar en gou gesond word. 082 854 4219

Ons wens sr. *Thea van der Walt,* wat Dinsdag 'n heupvervanging moet ondergaan in die Midstream Hospitaal, krag en sterkte toe. Mag die Here jou vashou in sy liefdevolle genade en jou spoedig gesond maak. 083 327 6769

Doop Carli *(alreeds onder meelewing)*

ATTESTATE

Vanoggend heet ons *Francois en Mia Geringer* en hulle *kinders Ella en Finn* hartlik welkom in ons midde. Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van Waterkloofrandgemeente.

ROEPING AS DIAKEN

Die volgende broeders en suster is op die Breë Kerkraadsvergadering van 15 Mei geroep om as diakens te dien.

Brs. Francois de Kock, Janru Reynders en suster Susan Tredoux.

Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

Ds R Janse van Rensburg (Reghard) van GK Reitz/Lindley na GK Delmas

BEROEPE AANVAAR

Dr C Botha (Chris) van GK Nylstroom na GK Die Kandelaar

"APARTHEID" IN DIE BINNEHOF?

Wat het die vrouens hulle tog so verbeel dat hulle verlede Sondag apart hulle tee verdien het in die saal? 'n ***"High Tea"*** *natuurlik!! Met hoedens op en tafels gelaai met die fynste eetgoedjies, gepas vir dames, het die susters hulle soos wafferse Engelse elite gedra. Tee gedrink uit die fynste porselein met pinkies in die lug.*

Maar die manne is darem nie afgeskeep nie. Al is hulle beperk tot die binnehof met 'n heerlike ***"Boeretwist"****. Hulle was bederf met koffie, pap, kaiings, biltong, heerlike brode en melktert.*

Ons het ook nie ons kleintjies vergeet nie. Hulle het buite hulle eie "kreatiewe" tee gehad en kon hulle eie kolwyntjies versier.

Daar is geklets (dames) en landsake opgeklaar (manne) dat hoor en sien vergaan. Dit was weereens 'n gesellige gemeentekuier en later het die manne en dames oor en weer saamgekuier.

Baie dankie aan Sophia Theunissen en die susters van wyke 2, 9, 11, 25 en 26 wat almal met entoesiasme gesorg het vir 'n suksesvolle oggend!!

DIE KUIERKAFEE

Die keer se kuier was sommer 'n dubbeldoor!

Christine le Roux, maker van gesigrome en seep uit suiwer organiese essensiele olies in plante en blomme, het vertel en verduidelik en toe ook `n meningsopname gedoen: ons moes ruik en ruik en ruik aan die sepies wat sy saamgebring het, en dan besluit op 'n eie gunsteling - roos, malva, laventel (dit werk op jou alpha breingolwe en stem jou rustig), roosmaryn (verbeter geheue - soos Ophelia in Shakespeare se Hamlet getuig het), ment, suurlemoengras en -verbena, kombinasies van die geure ...fassinerend! As u meer wil uitvind of seep bestel, bel haar gerus 083 281 8240. Die grootste bederf van die oggend was twee sepies elk as geskenk!

En toe kom Mieka Erasmus aan die beurt met Paul Kruger en Andries Pretorius, twee van die groot name uit ons geskiedenis maar uit twee totaal verskillende agtergronde en omstandighede. Die een 'n trekboer pionier, die ander 'n welgestelde vooruitstrewende gevestigde boer met 'n plaas met 'n paar honderd wingerdstokke, lemoenboord,'n meule en 'n windpomp. Sy wys foto's van toe en nou, kaarte, diagramme, plaasname, plaasinventarisse, en vertel soveel interessanthede en feite . Ons was saam op toer in die verlede en die hede, die geskiedenis gaan oop voor ons. Nou, na meer as 'n halfeeu na matriek,is die besef eers daar van wat alles agtergelaat is toe hulle op die ossewa geklim het.

Dankie Mieka, dit was 'n heerlike oggend, 'n groot lusmaker vir nog geskiedenispraatjiies in die toekoms

VOORLOPIGE DATUMS VANAF DIE EVANGELISASIE KOMMISSIE

Die Evangelisasiekommissie het Woensdagaand vergader en 'n paar aksies word beplan vir die res van die jaar. Ons gee graag die **voorlopige** datums deur. Meer besonderhede sal later volg:

14 Julie – Dissipelskapkursus
21 Julie – Praatjie deur Anton Smit van Helpende Hand oor "Gee Reg"
18 Augustus – Praatjie en uitstalling deur John de Kock oor "Sending Sonder Grense".

ALLERLEI

Die Kandelaarkoor bied aan: Getsémané na Golgota

Saterdag, 8 Junie 2019 om 19:30
Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
(h/v Codonia- en Dickensonlaan,
Waverley)

Die Kandelaarkoor met orkes en soliste voer onder leiding van Braam van Tonder werke van Rutger Gerretson en Antonio Vivaldi uit.

Toegang: R100/volwassene; R50/kind onder 12.
Besprekings: Linda Meijer (082 736 5089); Braam van Tonder (083 561 5992).
Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees.

AFRI-DUETFEES

Ds Cassie Aucamp skryf :
Hierdie jaar gaan 'n besondere Afri-Duetfees wees. Ons het daarin geslaag om al vier die manne van ROMANZ saam te kry, elkeen met 'n hand-uitgesoekte duetmaat:

- Louis Loock saam met Corlea Botha;
- Burgerd Botha saam met Loriska Bubb;
- André Venter met Almarie du Preez, en
- Adam Barnard met Natasha Joubert.

Dit word aangebied op Vrydag 18 Oktober om 19:00 en Saterdag 19 Oktober om 14:00, in die Chose Life Ouditorium, voorheen die gebou van die NG Kerk Moreletapark, in Rubensteinstraat.

Ek het twee versoeke:
Dat u, as u hierdie uitsoekgeleentheid wil bywoon, 'n e-pos stuur na duetfees@gmail.com; of skakel, SMS of WhatsApp Ds. Cassie by 082-377 1112. Dat u hierdie e-pos met die skakel sal aanstuur na lidmate of vriende op u e-poslys.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
Hein Wichmann 072 605 8675

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.